

**Saterdag 5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 4:1-16**

**Fokusgedeelte: Genesis 4:7**

**Vind vreugde in jou werke, omdat dit gegrond is in geloof**

Ons werke kan God nie tevrede stel nie. Alle goeie werke kom van God en geloof word deur Hom beloon en geseën (Heb. 11:6). Kain se werke was uit homself. Hy bewerk die grond, gee aan God sy beste werke en God verwerp sy werke. Abel bied nie sy eie werke aan nie, maar hy gee aan God van die seëninge wat hy van God ontvang het. Die fokus van Kain en Abel se werke was verskillend.

God het Abel geseën en hy gee terug aan God wat hy van God ontvang het. Dit was 'n daad van liefde wat in die geloof gegrond was. Goeie werke is dus erkenning vir die genade van God in jou lewe. Kain is kwaad, omdat hy nie die erkenning kry wat hy wil hê nie. Sy broer Abel is nou die teiken in sy reaksie teen God.

Wanneer die fokus jyself is, dan sal ons teen enige persoon reageer wat ons motiewe en selfgesentreerdheid (eie-ek) bedreig. Ons lewe is vandag daarop ingestel om erkenning te soek – dit is ons reg. Daarmee wil ons onself voor God regverdig en met ons werke aan God bewys dat ons goed is. Kain wil vir hom naam gemaak het sodat God hom sou beloon. God se regverdigmaking kan nie gekoop word nie, dit is 'n genadegawe. Ons verlossing en regverdigmaking in Jesus Christus bring dankbaarheid. Dankbaarheid kweek goeie werke, werke wat gegrond is in die geloof dat God 'n plan het vir ons lewe. Ons doen dus nie goeie werke om nog iets te kry of vir ons 'n goeie toekoms te verseker nie. Nee, ons doen goeie werke omdat ons reeds die verlossing in Jesus Christus gekry het en daagliks deur die Heilige Gees verseker word van die veilige toekoms wat ons in Christus reeds besit.

*Sing: Psalm 138-1:1, 4*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (emeritus)*